# AFDELING A
# DRAMA AFRIKAANS

## DRAMA, VOORDRAG, REDENAARS EN TONEEL

## DRAMA EN VOORDRAG

**INSKRYWINGSFOOIE**

| | |
|---|---|
| Solo items: | R 30.00 per deelnemer |
| Groepsitems: | R 20.00 per deelnemer |
| Voordragkonsertprogram: | R 60.00 per deelnemer |

| | |
|---|---|
| Spreekkore: | |
| 25 lede en minder | R 300.00 |
| 26 lede en meer | R 350.00 |
| | |
| Toneel: | R 250.00 |

**Elke <u>item</u> ontvang `n sertifikaat**.
Ekstra sertifikate kan voor die aanvang van die fees by die organiseerders bestel word teen R 6.00 per sertifikaat. Sertifikate sal slegs gedruk word indien die fooie daarvoor inbetaal is. Afrigters moet asb. hierdie reël so aan deelnemers oordra.

**VOORSKRIFTE:**
1. By eie keuse van stof word slegs erkende werk of werk wat vertaal is, in aanmerking geneem.
2. Afskrifte van werke moet ingehandig word wanneer die deelnemer na die verhoog beweeg

### A SOLO ITEMS:

A.1 Onvoorbereide Bladlees Prosa
(5 minute voorbereiding word voor optrede toegelaat.)

A.2 Onvoorbereide Bladlees Poësie
(5 minute voorbereiding word voor optrede toegelaat.)

A.3 Stilstaande Poësie

A.4 Bybelpoësie

A.5 Eie Kreatiewe Werk
(Stilstaande poësie wat deur deelnemer self geskryf is en aangebied word.)

A.6 Gedramatiseerde poësie
'n Gedig word aangebied wat aangevul word met bewegings. Laasgenoemde mag egter nie heeltemal oorheers nie. Rostrums en/of stoele mag as hulpmiddels aangewend word. Gedramatiseerde poësie is nie toneelstuk nie en hulpmiddels moet oordeelkundig aangewend word.

A.7 Gedramatiseerde bybelpoësie
Soos hierbo.

## A.8 Eie Kreatiewe Werk

‘n Gedig wat deur deelnemer self geskryf is, word aangebied en aangevul met bewegings. Oordeelkundige benutting van beperkte hulpmiddels.

## A.9 Monoloog

Een karakter speel teenoor denkbeeldige ander karakter(s) en kan humoristies of dramaties van aard wees. Een karakter word deurgaans uitgebeeld. Kostuums is toelaatbaar (realisties of eksperimenteel)
Tydsbeperking: 3-5 min

## A.10 Storie-vertel

Twee onderwerpe word 5 minute voor optrede aan die deelnemers oorhandig. Een onderwerp word gekies en ‘n oorspronklike storie word daaroor vertel. Dit moet vertellende gedeeltes asook dialoog bevat. Gebare mag gebruik word, maar die kandidaat mag nie rondbeweeg nie.
Tydsbeperking: 5 minute

## A.11 1 Minute malligheid

Twee onderwerpe word voor optrede aan die deelnemer oorhandig. Een onderwerp word gekies en die deelnemer moet vir 1 minute onophoudelik hieroor praat. Die gesprek mag onsamehangend en sonder waardevolle inhoud wees. Die deelnemer moet egter by die tema hou en 1 minute daar rondom gesels.

Voorbeeld:
- My partytjie
- Die winkelsentrum
- In die bos

## A.12 Stilstaande Prosa

## A.13 Eie kreatiewe prosa

Deelnemer het self die prosa geskryf en bied dit self aan.

## A.14 Gedramatiseerde prosa

’n Prosawerk word aangebied met funksionele bewegings.

## A.15 Gedramatiseerde prosa – Eie kreatiewe werk

’n Prosawerk wat deur die deelnemer self geskryf is word aangebied met funksionele bewegings.

## A.16 Bybelprosa

## A.17 Voorbereide mimiek

`n Oorspronklike, voorafbereide toneeltjie moet aangebied word deur een persoon waarin `n situasie slegs deur gebare en beweging uitgebeeld word.
Tydsbeperking: 3 min

## A.18 Onvoorbereide mimiek

`n Oorspronklike toneeltjie moet aangebied word deur een persoon waarin ’n situasie slegs deur gebare en beweging uitgebeeld word. Twee onderwerpe word 5 minute voor optrede aan die deelnemer oorhandig, waarvan een gekies en duidelik aangekondig word.
Tydsbeperking: 3 minute

## A.19 Improvisasie

`n Oorspronklike toneeltjie moet aangebied word deur een persoon waarin ’n situasie d.m.v. spraak, gebare en beweging uitgebeeld word. Twee onderwerpe word 5 minute voor optrede beskikbaar gestel. Die deelnemer moet een onderwerp kies en duidelik aankondig. Die kandidaat mag een van twee metodes gebruik:

- ’n Vrye interpretasie (hier kan gebruik gemaak word van ’n verteller, karakter uitbeelding en gesprekke met `n denkbeeldige karakter. Die verteller mag egter nie oorheers nie), of;

- ’n tradisionele interpretasie waar een karakter voortdurend met ’n fiktiewe persoon in wisselwerking is.

Tydsbeperking: 3 minute

### A.20 Voordragkonsertprogram

Deelnemer lewer 'n program van hoogstens 15 minute. ’n Goed gebalanseerde program met die klem op verskeidenheid, deurlopende tema en wisseling in samestelling moet aangebied word. Kommentaar kan, indien nodig, deel van die program vorm. Klankeffekte en/of musiek mag gebruik word. Die kandidaat moet bewys lewer van veelsydigheid. Van die volgende items kan onder andere in so ’n program ingesluit word: gedigte, prosa, monoloog, karakteruitbeelding, mimiek.

***Voorskrifte***

* By eie keuse van stof word slegs erkende werk in aanmerking geneem.
* Afskrifte van werke moet voor optrede aan beoordelaar voorsien word.

### A.21 Redenaars

Deelnemer lewer `n beredenerende toespraak ten opsigte van een van die 3 voorgeskrewe temas in sy/haar ouderdomsgroep. Nie `n praatjie, preek, lesing of gedramatiseerde monoloog nie. Die hoofdoel is om die gehoor van die spreker se standpunt te oorreed, en nie om kennis oor te dra nie.

**Temas:**

Laerskool

| Graad 1- 3 | Tydsbeperking | Graad 4 – 5 | Tydsbeperking | Grade 6 - 7 | Tydsbeperking |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geluide<br>Sê nou<br>Sorg** | **2 – 4 min** | **Sleutel<br>Herwin<br>Tameletjies** | **2 – 4 min** | **Beweeg<br>Knope<br>Grond** | **4 – 5 min** |

Hoërskool

| Graad 8 – 9 | Tydsbeperking | Graad 10 - 12 | Tydsbeperking |
|---|---|---|---|
| **Wapens<br>Verskil<br>Spore** | **5 – 7 min** | **Goud<br>Horison<br>Konserwatief** | **5 – 7 min** |

# GROEPE

## VOORBEREIDE GROEPWERK

### A.22 Spreekkoor

Een gedig (Slegs subtiele **minimum** gebare wat gelyktydig geskied) Die kriteria is gelyktydigheid van spraak.

### A.23 Gedramatiseerde spreekkoor

Een gedig word deur ’n groep deelnemers aangebied terwyl geëksperimenteer word met stilistiese of vrye bewegings en gebare. Kostuums mag matig aangewend word. Geen elektroniese musiek of byklanke.

### A.24 Samespraak

`n Gedramatiseerde voorstelling in die kleine word aangebied (komies of dramaties - nie revue, kabaret of duo-poësie nie). Twee deelnemers is betrokke en elkeen vertolk deurlopend `n karakter. Kostuums, dekor en byklanke mag spaarsamig gebruik word.

Tydsbeperking: 6 min.

## A.25 Eksperimentele Groepwerk

Twee of meer deelnemers. ’n **Verskeidenheid van materiaal**, ( komies, dramaties, satiries) word in so ’n aanbieding ingesluit bv. gedig, prosa, dansdrama, sanginsetsels, gedramatiseerde spreekkoor & individuele items. Dit is **nie** ’n toneelstuk nie. Die klem val hier op oorspronklike kreatiewe werk **rondom ’n tema**. Bykomende effekte soos onder andere beligting, byklanke en musiek mag nie die woord totaal oorheers nie. Eenvoudige (nie volle) kostumering word toegelaat.

Deelname groepering en tydsbeperking vir Eksperimentele Groepwerk

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot 4 | ( 7 - 10 min ) |
| Graad 5 tot 7 | ( 7 - 10 min ) |
| Graad 8 tot 9 | ( 10 - 12 min ) |
| Graad 10 tot 12 | ( 10 - 15 min ) |
| Oop | ( 10 – 15 min ) |

## A.26 Gedramatiseerde Groepspoësieprogram

Vier of meer deelnemers lewer ’n verskeidenheid van een of meer digter(s) se werk. Die gedigte moet met paslike gebare en bewegings uitgebeeld word. Enige hulpmiddels mag gebruik word, maar moet nie die gesproke woord oorheers nie. Beperkte (nie volledige) kostuums mag gebruik word.

Deelname groepering en tydsbeperking vir gedramatiseerde Groepspoësieprogram:

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot 4 | (6 min) |
| Graad 5 tot 7 | (6 min) |
| Graad 8 tot 10 | (10 Min) |
| Graad 10 tot 12 | (10 min) |
| Oop | (15 min) |

## A.27 Gedramatiseerde Groepspoësie

Een gedig word verlewendig deur paslike gebare en bewegings, 2 of meer deelnemers kan deelneem. Enige hulpmiddels mag gebruik word, maar moenie die gesproke woord oorheers nie. Eenvoudige (nie volle) kostuums mag gebruik word.

**Deelname groepering en tydsbeperking vir Gedramatiseerde Groepspoësie:**

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot 4 | (3 min) |
| Graad 5 tot 7 | (3 min) |
| Graad 8 tot 9 | (6 min) |
| Graad 10 tot 12 | (6 min) |
| Oop | (8 min) |

# ONVOORBEREIDE GROEPWERK

## A.28 Groepsmimiek

Enige aantal deelnemers mag deelneem. Twee onderwerpe word deur die beoordelaars verskaf. Die deelnemers moet een onderwerp kies en aankondig. Geen spraak of geluide mag gebruik word nie. `n Oorspronklike toneel moet aangebied word. Voorbereidingstyd is 20 minute.

Deelname groepering en tydsbeperking:

| | |
|---|---|
| Gr 8 – 9 | (5 min) |
| Gr 10 – 12 | (5 min) |
| Oop | (5 min) |

## A.29 Groepsimprovisasie

Enige aantal deelnemers. Twee onderwerpe word deur die beoordelaar verskaf. Die deelnemers moet een onderwerp kies en aankondig. Spraak moet gebruik word in die aanbieding van `n oorspronklike toneel. Voorbereidingstyd: 20 minute.

Deelname groepering en tydsbeperking:

| | |
|---|---|
| Gr 8 – 9 | 5 (min) |
| Gr 10 – 12 | 5 (min) |
| Oop | 5 (min) |

## TONEEL

| | | |
|---|---|---|
| Deelnamegroepering: | T1 | Laerskool |
| | T2 | Hoërskool |
| | T3 | Oop |

**Elke item ontvang sertifikaat.** Ekstra sertifikate moet voor die aanvang van die Abrakadabra Kunstefees teen R6.00 per sertifikaat by die organiseerders bestel word. Sertifikate word slegs gedruk indien fooie inbetaal is. Afrigters moet asb. hierdie reël so aan deelnemers oordra.

### A.30 Eenbedryf (Tydsbeperking: 40 minute dekor op- en afslaan ingesluit)

Voorskrifte:

1. By eie keuse van stof word slegs erkende werk in aanmerking geneem.
2. Afskrifte van werke moet saam met die inskrywing ingehandig word aangesien dit vooraf deur die beoordelaar bestudeer word.
3. Deelnemers word **penaliseer indien die tydsduur** oorskry word.
4. Sertifikaat toekenning aan toneel geskied aan die groep en nie aan elke afsonderlike lid nie.
5. Drie (3) of meer persone neem deel.
6. Gebruik slegs die aller belangrikste dekor en rekwisiete.